



LAERSKOOL DALVIEW

Gekontroleerde Toets

Distrik D5: Gauteng-Oos

Vak: Afrikaans Huistaal

Graad 4.

Taak 9

EKSAMINATOR: ME. A. CILLIERS **QUER HANDTEKENING** _____

MODERATOR: ME. Z. GROBLER: *[Handwritten Signature]* _____

DATUM: 8 NOVEMBER 2024

TOTAAL: 40 PUNTE

TYD: 60 MIN

Naam en van: _____ **Gr.** _____

Instruksies.

1. Lees elke vraag deeglik deur voordat jy dit beantwoord.
2. Skryf netjies en leesbaar.
3. Skryf met 'n blou pen en beantwoord al die vrae

Hierdie vraestel bestaan uit 4 vrae

<u>Vraag</u>	<u>Inhoud van die vraag</u>	<u>Totaal van vraag</u>	<u>Punte behaal in vraag</u>	<u>Prestasie standaard</u>
Vraag: 1	Begripstoets	15		
Vraag :2	Visuele teks	10		
Vraag: 3	Opsomming	5		
Vraag: 4	Taalstrukture en konvensies. Soorte sinne, werkwoorde, antonieme, ontleding van sinne, idiome, voorsetsels, hoofletters en leestekens	15		
	Totaal: :	40		



LAERSKOOL DALVIEW
VAK: Afrikaans Huistaal - Gr.4
Gekontroleerde toets
Distrik D5: Gauteng-Oos
Formele assessering:
Taak 9

OPSTELLER: ME. A. CILLIERS

MODERATOR: ME. Z. GROBLER: 

DATUM: 8 NOVEMBER 2024

TYDSDUUR: 60 MINUTE

OUER HANDTEKENING: _____

PUNTE: VRAAG 1: _____/15PUNTE

VRAAG 2: _____/10PUNTE

VRAAG 3: _____/5PUNTE

VRAAG 4: _____/10PUNTE

TOTAAL: _____/40

Naam en Van : _____

Gr. _____

Onthou!!!

Lees jou vraestel deeglik deur.

Skryf netjies.

Beantwoord alle vrae, moenie enige vrae uitlos nie.

Vraag 1: Begripstoets.

15 Punte

Lees die volgende leesstuk deur en beantwoord die vrae.

Selfoonspeletjies, goed of sleg.

Die helder kleure en aanloklike geluide wat ons in selfoonspeletjies sien, smee ons aandag. Sodra jy toegee en die speletjie begin, is jou kanse om in 'n eindelose speletjiespiraal vasgevang te word, baie groot. Maar wat is die voor- en nadele daarvan om speletjies op selfone en 'n rekenaar te speel?

Speletjies, veral die aksiespeletjies, vereis dat die spelers besluite oor 'n split-sekonde neem. Sommige speletjies leer ons om optrede vir daaglikse gebeure in te oefen.

Rekenaarspeletjies kan ook voordelig (goed) vir kinders wees.

Help kinders om te leer o.a speletjies oor herwinning van afvalmateriaal. Speletjies moet ook soms uitgebrei word, dit leer die kinders kreatief wees.

Die grootste nadeel van selfoonspeletjies bly steeds speletjies wat baie aggressie en geweld in het. Kinders wat speletjies speel wat nie geskik is vir hul ouderdom nie, stel hulle bloot aan baie geweld.

Lang ure gekoppel aan speletjies veroorsaak dat kinders nie by hulle skoolwerk of huistakies uitkom nie. Die kinders sosialiseer ook nie met ander kinders nie. Hulle taalontwikkeling kan ook daaronder lei want hulle voer min gesprekke met mense. Hulle kry ook nie genoeg fisiese oefening nie. Dit is nodig dat jy die selfoon soms bietjie neersit en buite speel, met 'n bal speel, met jou hond speel of bietjie swem.

Dit bly ook belangrik dat ouers toesig uitoefen en weet watter speletjies hulle kinders speel en hoeveel tyd hulle daaraan spandeer.

Gebruik jou selfoon, dit het voordele, maar wees gewaarsku daar is

ook nadele!

**Jou selfoon het alreeds jou
kamera, kalender en wekker
vervang.**



**MOENIE DAT DIT JOU FAMILIE
OOK VERVANG NIE!**

Vrae:

1. Wat is die opskrif van die leesstuk?
_____(1)
2. Noem twee dinge waarmee jou selfoon jou nader trek?
_____(2)
3. Noem twee nadele (slegte dinge) van selfoonspeletjies?

_____(2)
4. Noem twee fisiese aktiwiteit wat jy in die plek van selfoonspeletjies kan doen?

_____(2)
5. Het jy 'n selfoon, indien wel, wat doen jy op jou selfoon?
_____(1)
6. Wie moet toesig hou oor selfoongebruik by kinders?
_____(1)
7. Verduidelik in jou eie woorde wat beteken dit as iets **voordelig** vir jou is.
_____(1)

8. Haal een woord uit die leesstuk wat dieselfde beteken as:

- 8.1 Iets trek jou nader en los jou nie. _____ (1)
- 8.2 Dink en ontwerp nuwe dinge. _____ (1)
- 8.3 Om met ander mense te kuier en gesels _____ (1)
- 8.4 Antoniem van nadele. _____ (1)
- 8.5 Dier wat as 'n troeteldier aangehou word. _____ (1)

Totaal: ____/15

Vraag 2: Visuele teks

(10 punte)

Kyk na die twee spotprente en beantwoord die vrae.



1. Waarheen is die familie oppad?

(1)

Vraag 2: (Visuele teks vervolg.)

2. Wie is in die motor?

_____ (1)

3. Hoekom dink jy lyk die pa so gestres?

_____ (2)

4. Hoekom lyk die ma so gelukkig?

_____ (1)



1. Wie is die twee karakters in die spotprent?

_____ (2)

2. Hoe lyk die seun se rapport wat hy vandag ontvang het?

_____(1)

3. Wat dink die seun gaan die pa doen as hy sy rapport sien?

_____(1)

4. Kyk na die ma se gesigsuitdrukking, hoe dink jy voel sy?

_____(1)

Totaal: ____/10

Vraag 3: Opsomming

(5 punte)

Lees die volgende paragraaf en skryf dan 5 wenke neer oor hoe om beter te leer. Onderstreep vyf hoofpunte.

Skryf dit puntsgewys neer.

Studiemetodes wat jou leer hoe om slimmer te werk, nie harder nie, is waarna jy soek voor 'n eksamen. Elke eksamentyd gebeur dit — baie leerders se magies trek sommer so op 'n knop van die eksamenkoors en senuwees. Dit kan veel makliker wees.....Onthou die volgende wenke. Gebruik verskillende tegnieke as jy leer. Span al jou sintuie, gevoelens en verbeelding in om te leer. Gebruik kleur, jou brein onthou dit beter. Begin vroegtydig te leer en moenie wag tot op die laaste nie. Kry genoeg slaap in eksamentyd en eet ook gesond. Onthou om kort pouses tussen studietyd te vat.

Opsomming.

1.

Aantal woorden:

Rubriek vir die opsomming:

Feite is puntsgewys neergeskryf: ____/1

Korrekte hoofgedagte per sin___/1

Korrekte spelling_____/1

Korrekte hoofletters en leestekens____/1

Eie sinne is neergeskryf___/1

Totaal: ____/5

Totaal: 5

Vraag 4: Taalstrukture en konvensies in konteks.

Beantwoord die volgende taalvrae volledig en met die korrekte spelling.

1. Lees die volgende sin en haal twee werkwoorde uit die sin.

Die kind speel en gesels die hele dag op haar selfoon.

(2)

2. Plaas die korrekte voorsetsels in die sinne.

a. Ons stap _____ die winkel om inkopies te koop .

(1)

b. Ons reis _____ vliegtuig na die prgtige eiland.

(1)

3. Ontleed die volgende sin:

Die kwaai meneer raas met die kinders.



Onderwerp: _____

(1)

Gesegde: _____

(1)

Voorwerp: _____

(1)

4. Gee die betekenis van die volgende idiome.

a. Jy het 'n kat in die sak gekoop.

_____ (1)

b. 'n Uiltjie knip



_____ (1)

5. Skryf die volgende sinne korrek oor met die regte hoofletters en leestekens.

a. hoe laat is dit

_____ (1)

b. Pasop hier kom 'n groot bus

_____ (1)

Totaal: ____/10